Gelukkig is hulle wat hou by Sy bepalings, wat Hom met hulle hele hart soek; wat ook nie onreg pleeg nie, maar net Sy paaie volg! Psalms 119 vers 2-3

NG KERK DANABAAI

e-pos: ngkerkdanabaai@absamail.co.za /
www.ngkerkdanabaai.co.za

AFKONDIGINGS 03 DESEMBER 2023 NR.: 865

GEMEENTE LERAAR: Ds. Wehan Geldenhuys

***Visie:* Geseënd om 'n betrokke dienende gemeente tot eer van God te wees.**

Die preke word tans nie meer op video opgeneem nie, net klankbaan vir die web.

NAGMAAL **KATEGESE GESLUIT** **GEMEENTE DEUROFFER:** BOUFONDS	**VOLGENDE SONDAG:** 10 DES. 2023 **KATEGESE GESLUIT** **GEMEENTE DEUROFFER:** Biblia/Evangelie aan die Seelui

GEBEDSBULLETIN:

Gemeentelede word gevra om asb. die Kerkkantoor te laat weet van u vreugdes of siektes/operasies en herstel, sodat ons vir u voorbidding kan doen 0446981977.

Lief:	*Ons dank ons Hemelse Vader vir hierdie groot geskenk!* **Jaco en Elsabet Louw** (Aalwyn 100 / 066 299 8289) hul het 'n kleindogter ryker geword.
Leed:	*Bid vir ons Hemelse Vader se vertroosting oor hulle familie en vriende toe.* **Louw Pretorius** (Manie Pretorius se vader is Dinsdag oorlede).
Siekes herstel na Operasies:	*Bid vir ons Hemelse Vader se hand van liefde, genade en volle genesing oor almal wat siek / en herstellings* **Gerrendine Jansen** (A Comosa 32 / 072 145 5392) sy was in die hospitaal, herstel tuis. **Naas Knoetze** (A Comosa 32 / 084 354 0232) hy voel ongesteld. Is tuis. **Elmarie Geldenhuys** (P Aristata 10 / 072 244 4735) sy herstel na 'n val waartydens sy haar pols gebreek het. **Retha Pretorius** (P Humiflora 30 / 082 447 5490) sy herstel tuis na 'n skoueroperasie. **Leoné Geldenhuys** (A Comosa 30 / 084 703 8184) sy herstel tuis na 'n rugoperasie. **Hessella Nel** (MSB-A Oord Swaeltjie 12) sy herstel na 'n voetoperasie, is nou tuis. **Petro Botha** (E Armata 21 / 066 202 4619) sy herstel tuis. **Louis Fourie** (MSB A/oord 8 Hamerkop / 082 335 6271) hy herstel tuis.
Kanker:	*Bid vir ons Hemelse Vader se hand van liefde, genade en genesing oor almal wat kankerbehandeling kry.* *Ons besef nie watter vreeslike stryd hulle moet deurmaak nie.* **Suma Schreiber** (A Angelica 5 / 083 440 2074) sy het haar tweede chemo behandeling gekry. Sy voel nog goed maar dit is nog 'n lang pad vorentoe. **Jackie Blom** (P Venusta 15 / 082 379 0678) hy is baie swak was in die hospitaal maar nou weer tuis. Bid vir geestelike versterking. **Desré van der Westhuizen** (Nerina 89 / 078 812 3753) sy vat dit dag vir dag. Bid asseblief vir geestelike versterking en volle genesing vir haar en haar huisgesin. **Johanna Hills** (Protea A/Oord 21 / 072 484 9156) sy word nou tuis versorg.

KERKRAADVERGADERING: Selfde geslag verbintenis

By die Kerkraadsvergadering is weereens die Besluit van die Algemene Sinode bespreek en die KR het weer die beleidstuk van 2016 aanvaar en bevestig as ons gemeente se beleid. Enige lidmaat kan 'n afskrif by die Kerkkantoor kom afhaal.

ALLE EER AAN ONS HEMELSE VADER DAT HY U GESEËN HET MET DIE HERDENKING VAN U GEBOORTEDAG 3-9 Des. 2023

Kyk op na God. Hy beskerm en bewaar diegene wat Hom dien en Sy opdragte uitvoer.

Van	Noemnaam	Wyk	Straatadres	Selfoon	V-dag	Oud
Rossier	**Susan**	**8D**	**E Grata 56**	**0824407306**	**12/04**	**88**
Van Huyssteen	Arrie	8DA	Blue Ridge 96	0813478126	12/05	
Mzwakhe	Bengu	Ander	Kwanonqaba	0787422775	12/06	
Van Deventer	Millie	6B	Flora 324	0833283420	12/06	
Cillié	Danie	8DA	Blue Ridge 13	0834495115	12/07	
Conradie	Hendriena	9C	Heide 129	0848052659	12/07	
Bonnet	**Leon**	**4B**	**E Macra 56**	**0823731823**	**12/08**	**81**
Smit	Jop	3B	A Lineata 43A	0824930419	12/08	
Van Der Merwe	**Elrika**	**1C**	**A Castanea 8**		**12/08**	**85**

GEBEDSKETTING:

Gebedsketting is in 1999 begin met die doel om op georganiseerde wyse vir mense/gebeure te bid.
Die ketting werk so: Vir voorbidding, gee versoek aan die koördineerder / Kerkkantoor. Dit word dan baie konfidensieel hanteer en deurgegee vir daaglikse voorbidding. Ons verwag gereelde terugvoering sodat ons ook ingelig kan bid. Die terugvoering word deurgegee aan elke bidder op die ketting.
Vir wie bid ons? Vir elkeen en alles wat aan ons deurgegee word, vir mense en dinge.
Wie bid? Elkeen wat wil saam bid. Ons het jarelange bidders, baie getroue voorbidders aan die dood afgestaan en het groot behoefte aan persone wat geroep voel om saam met ons te bid. Dit vra bietjie tyd (miskien 8-10 minute per dag), maar die vreugde om vir mense te bid, soms vreemdelinge, is 'n beloning. **My versoek is**: Indien jy kans sien om saam te bid, gee jou naam vir Thelma / Elsa / Kerkkantoor. Geen vergaderings, geen ander verpligtinge, as om net op jou eie tyd, elke dag, vir drie tot vyf mense in te tree. **"Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." Jak 5:16.**
Thelma Smit 0834263830 / Elsa Kretsenger 0833873356

KERKKANTOOR OOP URE:

Ons herinner die lidmate dat die Kerkkantoor oop is vir enige inbetalings of administrasie op **Maandae, Woensdae en Donderdae** 09:00 tot 14:00.
Dinsdae en Vrydae is die kantoor toe vir almal. Let asseblief daarop dat daar op die **JAARKALENDER** aangedui word wanneer die kantoor gesluit is, spesifiek ook die maand afsluitings. Gewoonlik die eerste werksdag van die nuwe maand. Nogmaals dankie.

VERLOF:

IDA IS MET VERLOF DIE HELE DESEMBERMAAND.
KONTAK DIE KANTOOR VIR ENIGE INLIGTING. 044 698 1977
OF KONTAK SYLVIA 082 573 7287.

KOSKAS:

Jenny van der Westhuizen (079 897 4327) behartig die koskas.

OMGEEGROEP:

Rosa van der Sandt en haar lede behartig die Omgeegroep. Skakel haar indien u enige nuwe inligting het by 082 624 8339.
Hulle bied ook hulp aan met vervoer na die Kerk Sondae.

DOKUMENTE SERTIFISERING:

U kan nou plaaslik u dokumente by 'n lidmaat van ons gemeente laat sertifiseer en verklarings beëdig indien u dit benodig, Dewald Jordaan, kontak nr. 084 588 9958.

TE KOOP: *Gesondheid loopraam (nuut) @R700.00 skakel Tiens Venter in Fynbos Hoogte 94 by 082 879 8841*

BLOK I: Wenners van die poppe:
Willem Calitz vir Heidi En Angie Gomes vir Wimpie. Baie geluk! Kom kry dit by die Kerkkantoor.

INTERNET-BETALINGS:

ABSA, Mosselbaai, TJEK REK: 4059113680, TAKKODE: 334214. *Stipuleer asb. u kollekte geld soos volg asb.: vir Erediens **(E),** en Deur **(D),** en Gbo **(Gbo),** en Dankbaarheidsmaand **(DbaarH),** en Koskas **(Kos),** Bybelverspreidings (**Byb**) en Bou v Kantoor (**B-Kant**). 5Jaar Plan (**5J**).*
Indien SLEGS Dankoffer, Beide man en vrou se voorletters en van, om verwarring te voorkom.
As u op 'n betaling op meer as een item wil bydra, maak soos volg asseblief: Betaling voorbeeld: R1000, dan as verwysings: **IMaree B-kant200 Gbo200 5J200 Kos200** die res (**R200**) van die geld sal outomaties gesien word as u dankoffer geld. ***Of skakel die Kerkkantoor vir hulp 044 698 1977.***

GEMEENTE FINANSIËLE TERUGVOERING:

KANTOOR BOUFONDS LENING: November R2 150.00 geïn.
Die gemeente het al R129 859.42 terugbetaal. Ons skuld nog R170 140.58.

5 JAAR VERBETERINGSPLAN: R13 000.00 geïn tot einde Novembermaand.
Baie dankie aan ons getroue lidmate!

SONDAG EREDIENSTE KOLLEKTES: 26 November se kollekte was R4 891.00
DEURKOLLEKTE: 26 November se Gemeente deurkollekte vir Koskas was R1 000.00.

DANKBAARHEIDSOFFERS: Dis met groot dankbaarheid dat ons al tot einde Oktober R100 622.80 as Dankbaarheidsoffer ontvang het. Daar is geleentheid vir lidmate om hul Dankbaarheid teenoor die Here te toon vir die genadegawes ontvang. Lidmate kan hulle koeverte inbring na Kerkkantoor of Sondae ingooi tot einde Februarie 2024 wanneer die boekjaar eindig.

BLOK INKOMSTES:
Jaar tot datum ingesamel: R29 010.00 en ons het R40 000.00 vir die jaar begroot.
Blok A: R4 100. **Blok B**: R4 000. **Blok CG**: R3 640. **Blok E**: R4 000. **Blok F**: R2 600.
Blok H: R4 100. **Blok I**: R 1320. **Blok J**: R4 110. **Blok K**: R1 860.
Ons vertrou ons blokke sal die Vrydae ete datums benut om fondse te in vir hul 2023 blok bydraes. Ons bedank ons lidmate asook blokke wat gedurende 2023 sover mildelik tot die Kerkkantoor boufonds bygedra het. Dit word opreg waardeer.

GELOOFSBELOFTEOFFERS (SENDELINGE):
Nov. maand sover geïn R8 050.00. Uitbetalings belowe: R10 101.00.

HUIS G - HERBERG KINDERHUIS: Nov. maand is R2 390.00 inbetaal.
Die Koek "O" Koek verkope lys vir Huis "G" vir Sondae word eers aan die einde van 'n maand inbetaal. Ons bedank al die lidmate wat so getrou geld vir hierdie belangrike saak bydra.

KOSKAS: Nov. maand sover geïn R6 950.00
Ons bedank lidmate vir getroue bydraes wat help om ons kosvoorraad aanvullings te kan bereik.

GETUIENISBEDIENING

Jesaja 9:5 ***– Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.***

1. MICKEY MOUSE DAGSORGSENTRUM – MARINDA EN MANIE FIELIES

Daar is eregaste teenwoordig in die diens vanoggend! Die kindertjies van Mickey Mouse gaan ons verras – sit terug en ervaar die wonder van Kersfees.

2. BORG 'n BYBEL

Daar is altyd behoefte aan Bybels – ***Die Woord***. Wil u nie asb. help en 'n Xhosa Bybel borg nie? U kan die geld in die kollektesakkie plaas in 'n koevert wat gemerk is (XHOSA BYBELS) of dit by die kerkkantoor inbetaal. Baie dankie!

3. HUGO EN JACKIE WOLMARANS – PIONEERS

Hulle vra gebed vir die situasie in Israel, Gaza, die Wes-bank en Libanon – dat die oorlog daar nie sal eskaleer nie.

Bid vir objektiwiteit en kreatiwiteit sodat 'n kandidaat vir Direkteur van Media geïdentifiseer word.

Prys die Here vir Sy getrouheid en vir elke gelowige wat hierdie jaar tot geloof gekom het deur die media bediening. Bid asb. dat hierdie mense diep gewortel sal word in Jesus en die Woord. Bid ook vir die dissipelskap waardeur die nuwe gelowiges gaan.

4. FRANS EN HESTER BöNING – MOSAMBIEK SENDING

Hulle is in Mosambiek tot 16 Desember om hul bediening oor te gee en huis op te pak.

Bid asb. dat hulle gesond sal wees. Frans het juis infeksie in sy regterbeen gehad. Hierdie "krisis" het Hester laat besef hoe verlore sy is omdat sy met niemand kon kommunikeer nie. Loof en prys die Here vir die buurman wat saam met Frans kliniek toe gegaan het en ook die video bediening oorneem.

Bid vir die saad wat Frans nog steeds saai. In die middae is hy besig met die kinders en Hester sê hulle luister aandagtig as hy uit die Kinderbybel vir hulle lees.

5. JIMMY EN MARLIZE MEYER – Riemvasmaak, Noord-Kaap Augrabies was in die nuus met rekord temperatuur. Bid asb. vir die Meyers want hulle kry sekerlik nie net fisies warm nie! Dit affekteer mos 'n mens se hele bestaan.

6. N & E – SENDELINGE

Hou hulle asb. in u gebede. Hulle het hierdie week hulle huis ontruim. Dit het sekerlik met baie emosies gepaardgegaan (behalwe vir die harde werk) en ook die realiteit - van die groot stap wat hulle neem – laat inskop.

7. GELOOFSBELOFTEOFFERS

Baie dankie vir die geld wat u hierdie maand vir N & E, die Wolmaranse en Mickey Mouse Dagsorgsentrum inbetaal het. Hierdie mense het nog steeds ons vrygewigheid, ons Kersgeskenke (Geloofsbeloftes) aan hulle oor die Kersseisoen nodig.

8. MIKE EN HELEN BURNARD – dia-LOGOS: Mike het 'n terugblik op die jaar gegee. Twee stellings het besonder uitgestaan: * ***Eerstens:*** "As we enter this amazing season of celebrating the birth of our Saviour, we also recognize that this year will be different. We are so mindful that the place of our Saviour's birth is the location of all the hardship that our dear brothers and sisters of that region are currently facing. Oh, may our prayers this Christmas echo the words of the angels and ring out across the nations as we simply pray: *Peace and goodwill to all mankind! "*

* ***Tweedens:*** "We were reminded anew this year that we are not only called to serve, but to become servants. The difference is quite significant. In a nutshell, serving is what you **DO,** while being a servant is who you **ARE**. To be a servant to others is to intentionally put them first."

Johannes 3:16 - Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.